Die Afrikaanse Taalmuseum & -monument
'n agentskap van die Departement van Sport, Kuns en Kultuur

CAPE WINELANDS DISTRICT
MUNICIPALITY • MUNISIPALITEIT • UMASIPALA

Historium Trust
Funksie- en konferensiesentrum Function and Conference Venue

# NOMINASIEVORM - FENOMENALE VROUE 2024

## WIE NOMINEER JY?

*Naam*

*Van*

*Selfoonnommer*

*E-posadres*

*Beroep*

*Werkgewer*

- *Fenomenale vrou kan voltyds/deeltyds in (eie) diens OF werkloos wees.*

*Adres (tuis)*

*Adres/plek (waar die fenomenale diens gelewer word)*

*Kategorie*

- *Verwys na kategorieë op bladsy 3.*

## FENOMENALE VROU-BESKRYWING

**Gebruik die gids hieronder en vertel ons hoekom sy 'n fenomenale vrou is in die kategorie wat jy gekies het.**

### Persoonlike groei

Hoe het sy gegroei as persoon en met watter uitdagings?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

### Mentor- en leierseienskappe

Wat is haar lewenskwaliteite en hoe deel sy haar kennis en bied ondersteuning?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Die Afrikaanse Taalmuseum & -monument

'n agentskap van die Departement van Sport, Kuns en Kultuur

CAPE WINELANDS DISTRICT
MUNICIPALITY • MUNISIPALITEIT • UMASIPALA

Historium Trust
Funksie- en konferensiesentrum Function and Conference Venue

## FENOMENALE VROU-BESKRYWING

### Ekonomiese opheffing en vaardigheidsontwikkeling
Watter bydrae lewer sy tot die gemeenskap/veld van belang?

### Interpersoonlike vaardighede
Hoe is haar ingesteldheid en verhoudinge teenoor ander?

### Gemeenskapsimpak
Hoe verbeter sy lewens en bring 'n positiewe verandering teweeg?

## VERTEL ONS VAN JOU

Naam

Van

Selfoonnommer

E-posadres

Verwantskap aan genomineerde

- *byvoorbeeld vriendin, kollega, kennis, familielid*

**Ek bevestig dat ek die kandidaat van hierdie nominasie in kennis gestel het en dat sy toestem tot die reëls.**

Handtekening

Datum

Die Afrikaanse Taalmuseum & -monument

'n agentskap van die Departement van Sport, Kuns en Kultuur

CAPE WINELANDS DISTRICT MUNICIPALITY • MUNISIPALITEIT • UMASIPALA

Historium Trust

Funksie- en konferensiesentrum Function and Conference Venue

# KATEGORIEË

## Landbou

Hierdie kategorie oorweeg genomineerdes wat deur hul landbou-aktiwiteite bydra tot ekonomiese opheffing en vaardigheidsontwikkeling, en die daarstelling van 'n omgewing wat voedselsekerheid vir almal ondersteun.

## Vroeëkinderontwikkeling

Hierdie kategorie is spesifiek vir vroeëkinderontwikkeling in die onderwyssektor, waar die genomineerde fokus op die noodsaaklike en kritieke stadium van vroeë opvoedkunde.

## Basiese onderwys

Hierdie kategorie is spesifiek rakende ontwikkeling op die gebied van primêre en sekondêre onderwys waar maatskaplike kwessies en selfkennis jeugdiges se sukses kan bepaal.

## NRO-/GOW-sektor

Hierdie kategorie oorweeg vroue wat nie net deur hul werk nie-regeringsorganisasies (NRO's) en gemeenskapsontwikkelingswerkers (GOW's) help nie, maar voortgaan om hul gemeenskappe te bedien bo en behalwe die omvang van hul dienste.

## Entrepreneurs

Hierdie kategorie vier vrouens wat hul eie besighede begin het weens die behoefte om 'n inkomste te verdien, of die behoeftes van ander geïdentifiseer het. Hierdie besighede skep werksgeleenthede en hef die gemeenskap op deur opleiding en ander liefdadigheids-aktiwiteite.

## Ondersteuning

Hierdie kategorie bring hulde aan huishoudelike en ander ondersteuningspersoneel van werkgewers of toesighouers. Hierdie vroue versorg byvoorbeeld huishoudings sodat ouers kan gaan werk. Of help in besighede met toewyding en sorg.

## Bestuur

Hierdie kategorie vereer vroue in gesagsrolle. As bestuurders het hulle nie net in verdere studies uitgeblink nie, maar ondernemings uitgebrei, werksekuriteit versterk en meer geleenthede geskep.

## Passie

Hierdie kategorie beklemtoon vroue wat sonder bykomende finansiële hulp en met voltydse verpligtinge, steeds daarop gerig is om ander se lewens te verbeter.

## Bevordering van Afrikaans

Hierdie kategorie vier vroue wat Afrikaans bevorder deur onder meer drama, musiek, handel, akademie en letterkunde, ook op voetsoolvlak deur byvoorbeeld taallesse aan te bied.

## Gestremdhede

Hierdie kategorie vereer die buitengewone prestasies, krag en veerkragtigheid van vroue wat lewe met gestremdhede. Hierdie individue het beduidende uitdagings oorkom en merkwaardige bydraes gelewer op verskeie terreine soos byvoorbeeld die kunste, onderwys, sport, voorspraak of gemeenskapsdiens.

Die Afrikaanse Taalmuseum & -monument
'n agentskap van die Departement van Sport, Kuns en Kultuur

CAPE WINELANDS DISTRICT
MUNICIPALITY • MUNISIPALITEIT • UMASIPALA

Historium Trust
Funksie- en konferensiesentrum • Function and Conference Venue

## REËLS

1. Geen paneellid of werknemer van die ATM, KWDM en Historium Trust of hul nabye familie mag deelneem of persone nomineer nie.
2. Genomineerdes moet inwoners van die Kaapstadse Wynlande-distriksmunisipaliteit (KWDM) wees.
3. Genomineerdes en die persone wat hulle nomineer moet beskikbaar wees om die gala-geleentheid op Woensdag, 28 Augustus 2024, by te woon.
4. Genomineerdes moet 'n bereikbare telefoonnommer hê.
5. Finaliste moet bereid wees om deel te neem aan onderhoude en verfilming vir die gebruik op mediaplatforms.
6. Vorige wenners mag nie weer genomineer word nie.
7. Inskrywings sluit op **31 Julie 2024 om 17:00**. Geen laat-inskrywings word aanvaar nie.
8. Beoordelaars behou die reg voor om genomineerdes van een kategorie na 'n meer gepaste kategorie te skuif.
9. Beoordelaars behou die reg voor om 'n kategorie te verwyder in die geval waar daar nie genoegsame deelname in die spesifieke kategorie is nie.
10. Die beoordelaars se beslissings is finaal en geen korrespondensie sal daaroor gevoer word nie.

## HOE OM IN TE SKRYF

Daar is drie maniere om in te skryf:

1. Besoek www.capewinelands.gov.za en kliek op die Phenomenal Women-merker om die inskrywingsvorm af te laai.
2. Besoek die volgende instellings en kry 'n gedrukte inskrywingsvorm:
   - Enige KWDM-kantoor
   - Die Historium, Pastorielaan 11, Paarl.
3. Whatsapp FENOMENALE VROU na 076 017 6026 om die vorm te ontvang.

Voltooi die vorm volledig en e-pos dit na info@historium.co.za, WhatsApp na 076 017 6026 OF dien dit in by die Historium of enige KWDM-kantoor.